

Februarie  
2011Posbus 20  
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445
24 Uur Beheerkamer Brandweer	028 313 8000/8111 028 312 2400	

# Bulletin

Amptelike nuusbrieff van Munisipaliteit Overstrand

## WATERSYFERS BEVESTIG PUIK SAMEWERKING

### GOEIE REËNVAL IN DESEMBER BREEK NOG NIE DROOGTE NIE

Dit wil voorkom of inwoners en besoekers aan Groter Hermanus in Desember uitstekende samewerking vir die Munisipaliteit Overstrand se waterbesparingsveldtog gegee het.

GEDurende die somervakansie het die vlak van die De Bos-dam met slegs 4,4 persent gedaal teenoor die 11,4 persent daling wat in dieselfde periode verlede jaar ondervind is. Dié merkwaardige prestasie word toegeskryf aan gunstige weersomstandighede, die benutting van boorgate as aanvullende bron en die effek van waterbesparingsmaatreëls.

Saam met haar dankwoorde aan almal vir die goeie resultate het Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie gesê sy maak staat op volgehoue samewerking en sal haar daarvoor beywer om verligting te bewerkstellig sodra die watersituasie na normaal terugkeer.

Die nuwe jaar het met sagte, deuringende reën begin. Reënval van 25 mm is op Maandag 3 Januarie 2011 by die munisipale kantore in Hermanus gemeet en dit volg op die totaal van 35,5 mm wat in Desember 2010 aangeteken is.

Ongelukkig het dit nie 'n groot impak op die De Bos-dam gehad nie, omdat die grond na die droogte nog nie ten volle versadig is nie.

Volgens mnr Rian Rust, wat die reënvalstatistiek by die munisipale kantore byhou, is die 498 mm van 2010 ver onder die gemiddelde reënval van 640 mm per jaar, maar steeds hoër as 2000 se 494,5, 1988 se 464,1 en 1973 se 365,7!

Hy hoop dat die reënval vanjaar vergelyk kan word met 60 jaar gelede toe 1005,8 mm in 1951 geval het.

Die munisipaliteit se waterbesparingstaakspan vergader weer op 20 Januarie om die jongste ontwikkelinge in oënskou te neem. In hierdie stadium lyk dit of die eerste vlak van besparingstariëe steeds gehandhaaf sal moet word.



**BURGEMEESTER LOOF UNIFORMDRAERS**

Overstrand se volgehoue program van vriendelike dog ferme wetstoepassing in vakansietye werp goeie vrugte af. Volgens die Direkteur van Beskermingsdienste, mnr Neville Michaels, was die afgelope seisoen een van die stilste nog op wetstoepassingsfront, al was die gebied se dorpe en strande druk besoek. Onder meer was daar 25 000 mense op die strande oor die Nuwejaarsnaweek en meer as 3000 liter drank is afgeneem (en teruggehandig aan die eienaars na hul strandbesoeke). Geen verdrinkings het op 'n Blouvlagstrand voorgekom nie. Vuurwerke is Oujaarsaand goed beheer en op die paaie het die sigbare teenwoordigheid van beamptes bygedra tot ordelike padgebruik. Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie het op Donderdag 6 Januarie tydens 'n binnenshuise parade in die Overstrand-burgersentrum lede van die Direkoraat Beskermingsdienste met hul suksesse van die afgelope vakansietyd geluk gewens. Sy het ook die ander amptenare wat in Desember vir gladde dienslewering gesorg het vir hul harde werk bedank.

## GROOT UITDAGINGS WAG IN TOEKOMS

Groot uitdagings wag op die Munisipaliteit Overstrand in die toekoms, maar daar kan voortgebou word op die sukses wat die organisasie in die eerste 10 jaar van sy bestaan gebaan het.

Ondanks baie vrese tot die teendeel in 2000 toe die grense van die nuwe munisipaliteit bepaal is, is die gebied in 'n hegte eenheid saamgesnoer en die geheel van die vier munisipaliteite wat saamgevoeg is, uiteindelik veel meer as die som van die dele.

Met die samevoeging van hulpbron-

ne kon hierdie munisipaliteit die afgelope 10 jaar sowat R1 miljard in die opgradering van infrastruktuur investeer, waarvan sowat R740 miljoen die afgelope vier jaar.

Hierdie opgraderingsprogram is uiters noodsaaklik, want 'n onlangse opname toon dat Overstrand 'n agterstand van R2,5 miljard in infrastruktuur het. By die vergadering van die Munisipale Adviesforum in November is bekendgemaak dat die munisipaliteit gaan probeer om die agterstand oor die volgende 25 jaar

af te werk. Dit gaan 'n volgehoue kapitaalbegroting van R100 miljoen per jaar verg – iets wat met 'n intensiewe besparingspoging op operasionele uitgawes bewerkstellig moet word.

Die lewering van basiese dienste is die fokuspunt en daar sal veral daarop gekonsentreer word om die munisipaliteit se kapasiteit met betrekking tot water- en elektrisiteitsvoorsiening, vasteafvalbestuur, behuising, paaie, storm-waterdreinerings en omgewingsbestuur uit te bou.

Mensepotensiaal is die munisipaliteit

se waardevolste bate en daar sal nie net op die ontwikkeling van die personeelkorps gekonsentreer word nie, maar daar sal ook kapasiteitsbou binne gemeenskappe plaasvind. Daar is groot waardering vir die talle organisasies en individue wat reeds 'n verskil aan hul gemeenskappe maak.

Een van die eerste ontwikkelings wat geakkommodeer moet word, is die uitbreiding van die raad met die volgende verkiesing tot 25 – 13 wyk- en 12 proporsionele lede.

**SPEAKER GAAN NA WYK 3 OMSIEN:** In die lig van die komende munisipale verkiesings sal die setel wat deur die bedanking van rdl Allan Berry vakant gelaat is, vakant bly en geen tussenverkiesings sal gehou word nie. Vir die res van die huidige raad se termyn sal die Speaker, rdl Anton Coetsee, na die wyk omsien en wykskomiteevergaderings lei. Hy kan deur die munisipale kantore in Stanford gekontak word. Daar is tydens die raadsvergadering in November van rdl Berry afskeid geneem. As 'n prokureur van beroep het hy 'n belangrike rol in die appèlproses teen raadsbesluite gespeel. Hy emigreer na die Verenigde Koninkryk om 'n loopbaangeleentheid te aanvaar.

# IMPAK VAN TOERISME GEMEET

Munisipaliteit Overstrand het op 2 Desember 2010 die resultate bekend gemaak van sy mees onlangse opname wat as 'n barometer van die toerisme-sakektor dien tydens 'n vergadering wat deur bykans 90 belanghebbers in die toerismebedryf bygewoon is.

Hierdie opname poog om op 'n jaarlikse basis die impak van toerisme op die Overstrand-ekonomie te meet ten einde tendense en ontwikkelings verwant aan die ekonomiese impak van toerisme te bepaal.

Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie het gesê die opname sal 'n duideliker prentjie skets en aller noodsaaklike statistiek vir beplanningsdoeleindes verskaf terwyl dit ook as 'n aanduiding dien van of die toerismebedryf besig is om toe te neem of te taan.

Die doel van die vergadering was om meer belanghebbers te oortuig om aan toekomstige opnames

deel te neem.

Die opname het onder meer aan die lig gebring dat 'n groot aantal akkommodasie-instansies tydens die winter in 2010 'n afname in besoekertalle ervaar het omdat die Wêreldbeker tot gevolg gehad het dat gereelde besoekers weggeby het en die sokkergeesdriftiges ander reisplanne gehad het. Die meeste ondernemings is egter redelik oortuig daarvan dat 2011 se winter meer gaste gaan oplewer omdat die Wêreldbekertoernooi gehelp het om baie vrese rakende toerismeveiligheid in Suid-Afrika uit die weg te ruim.

Volgens die opname is mondelinge oordrag die doeltreffendste vorm van bemerking vir onderneming in die toerismebedryf met elektroniese media of webtuistes in belangrikheid toeneem. Toerismekantore is ook as 'n waardevolle bemerkingshulp vir akkommodasie-instansies en restaurante uitgesonder.

Om meer besonderhede te verkry en by toekomstige studies betrokke te raak, kontak die Direkteur Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling, mnr Solomzi Madikane, by 028 313 8066 of per e-pos by ledsec@overstrand.gov.za



## KONSERTE IN FEBRUARIE

Suid-Afrikaansgebore Zoë Beyers (viool) toer tans deur Suid-Afrika, en op Dinsdag 15 Februarie gaan sy, begelei deur Francois du Toit op die

klavier, werke van Bartók, Ludwig van Beethoven, Claude Debussy, Sergei Prokofiev en Pablo de Sarasate speel. Op Vrydag die 25ste en Sondag die 27ste, keer die Italiaanse Zappa Mainolfi tjello-en-klavier-duo op versoek na Hermanus terug. Meer nog: Op Saterdagoggend, die 26ste, gaan hulle meesterklasse vir gewillige studente aanbied! **Besprek by Bellini by 028 312 4988 en rig navrae aan René du Plooy by 082 940 4238.**




Foto: Liezel Botha

## KAN ONS NIE MAAR SAAMLEEF NIE?

Dié strandbesoek van die Pringlebaaise bobbejaantrop het talle vakansiegangers laat besef dat die Kese 'n integrale deel van die Overstrand-ekosisteem en 'n uitsonderlike toeriste-aantreklikheid is. Volgens Overstrand se omgewingsbestuurder, Liezel Bezuidenhout, is dit moontlik om 'n vreedsame naasbestaan met die bobbejane te voer, wat woongebiede op soek na kos binnedring, deur deure en vensters te sluit wanneer 'n mens nie tuis is nie, gebruik te maak van die spesiale probleemdierebestande asblikke om van kombuisafval ontslae te raak, verkieslik nie vrugtebome of groentetuine op jou erf aan te lê nie, jou daarvan te weerhou om bobbejane te voer of kos vir hulle uit te sit en nie kos buite op tafels sonder toesig te los terwyl jy ander take binne die huis verrig nie. Moenie bobbejane probeer skiet of die honde op hul loslaat nie. Werk saam met die bobbejaanmonitors en kontak die 24 uur-beheerkantoor by 028 3138111 indien jy bobbejane naby of op jou perseel gewaar.

# DIE EKOLOGIE VAN FYNBOS

In die eerste van 'n reeks artikels oor ons biosfeer, verskaf **dr Neil Fairall** die ekologiese agtergrond vir die unieke plantegroei van ons streek.


As mens na fynbosplantegroei op landskapvlak kyk, is een van die eerste dinge wat opval die verskeidenheid. Dit lyk bont en het 'n struktuur wat wissel van lae tot hoë struik.

Verskeidenheid is een van die kenmerke van fynbos, en dit word veroorsaak deur 'n komplekse interaksie tussen omgewing en klimaat, wat varieer na gelang van die skaal waarmee ons te doen het.

Die geologie is ook 'n bepalende faktor, veral ten opsigte van grondtipe, -diepte en -vogstatus. Dit word verder ook deur helling, ligging en klimaat beïnvloed.

Vuur is 'n natuurlike en normale verskynsel in fynbos, wat gedy op vuur en stagneer waar vuur verhoed word. Die seisoen van brand, hetsy of dit na 'n nat of 'n droë periode plaasvind en of dit gevolg word deur 'n nat

of droë seisoen, sowel as die hitte van die vuur dra by tot die wisselwerking wat op sy beurt die plantegroei bepaal wat op enige tydstep teenwoordig is.




*Leucadendron gandogeri*

Die hitte van die vuur en die rook is nodig om sekere fynbos spesies te laat ontkiem, en sonder hierdie prikkel sal ontkieming nie plaasvind nie en die saad sal geleidelik vergaan van ouderdom of deur insekte geëet word. Hitte van die vuur word bepaal deur die tipe ontbranding, hetsy 'n puntbron of 'n front aangeblaas deur sterk wind.

Daar is ook 'n opeenvolging van spesies met verloop van tyd. So ont-

kiem en groei die kleiner soorte in die ondergroei eerste maar verdwyn later as die struiklaag té veel skaduwee veroorsaak. Die bolplante groei ook net na 'n brand en blom nie in die ouer, digter veld nie.



*Erica fastigiata*

Die opeenvolging van die plante word verder beïnvloed deur die feit dat die struiklaag uit soorte bestaan wat deur vuur doodgebrand word en wat deur ontkieming voortplant en ander wat uit die wortelstokke spruit wat nie doodgebrand nie.

As mens al die faktore in ag neem en

die verskillende maniere bereken waarop hulle saamgevoeg kan word, is dit duidelik dat fynbosplantegroei gedurig met tyd verander maar tog oor groot gebiede dieselfde bly. Die skaal waarop die wisselwerking plaasvind en die tydverloop is die kenmerke wat hier bepalend is.

As vuur byvoorbeeld oor 'n groot oppervlakte brand, brand dit ongelukkig as gevolg van wisseling in die omgewingskenmerke en wisselende windsterkte. Dit bring mee dat eilande ongebrande veld oorbly, wat by die volgende geleentheid meer ou brandbare materiaal bevat en dus warmer en skoner brand. Hierdie wisseling word oor 'n lang tyd uitgekanselleer en die veld as geheel bly dieselfde, ondanks die feit dat dit dalk op enige gegewe tydstep verander het.

In die volgende aflewering sal ek poog om te verduidelik hoe hierdie kenmerke van fynbos in veldbestuur gebruik word en waarom bestuur op kleinskaal so moeilik is.

DO YOU PREFER THIS NEWSLETTER IN ANOTHER OFFICIAL LANGUAGE? SMS your account number with E for English to 082 338 1631

UNGATHANDA LENCWADI YESAZISO-NDABA IBHALWE NGOLUNYE ULWIMI? Thumela i-SMS enenombolo ye-akhawunti yakho kunye no X omele isi Xhosa kule nombolo 082 338 1631

NASIONALE  
BEDROG  
BLITSLYN

0800 701 701